

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 12, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2012 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Vervul u doel!

Dit is oral rondom u. Die geraas, die rumoer en talle afleidings wat die meeste mense daarvan weerhou om diep te dink oor die **doel** van hulle lewens. Baie min mense op hierdie aarde – insluitend belydende Christene – verstaan selfs vaagweg die opperste doel waarvoor hulle geskape is. U kan egter waarlik verstaan indien u gewillig is om opreg en nederig na daardie insig en kennis **te soek** van die *ware God*.

Ware God?

*Ja! Word asseblief wakker! Vals “gode” en vals godsdienste en vals leringe vul hierdie hele wêreld. Hoe durf ek dit sê? Omrede u eie Bybel dit op baie verskillende maniere oor en oor sê. Hierdie basiese feit maak egter die meeste mense ongemaklik. Hulle hou nie daarvan om dit selfs te oorweeg dat hulle grootliks mislei mag wees oor die mees lewensbelangrike vrae in die hele lewe nie – hoekom ons gebore is, wat die werklike **doel** van ons lewens is, en hoe ons daardie groot **doel** kan verwesenlik.*

Die “sleutel” tot insig is om gewillig te wees om uself te verootmoedig, om tyd af te sonder om *diep na te dink* oor die basiese vrae van die lewe. Dan moet ons almal vurig bid vir *insig*, vir die gewilligheid om *aan onself te bewys* dat die Bybel werklik die antwoorde op hierdie vrae het – **indien** ons gewillig is om te glo dat die Bybel *sê wat dit bedoel en bedoel wat dit sê!*

U mag vra: “Maar glo meeste Christene dit nie?”

Nee! Hulle glo dit eerlikwaar nie! In dosyne en vele leringe glo die “hoofstroom” kerke van hierdie wêreld egter talle leerstellings en idees wat *lynreg in teenstelling is* met wat u Bybel duidelik sê!

Byvoorbeeld, die oorgrote meerderheid van belydende Christene praat gedurig van “hemel toe gaan” wanneer hulle sterf. Hulle wys voortdurend daarop dat die ewige loon van 'n ware Christen “hemel toe gaan” is, met wesenlik **niks** om te doen nie, vir alle ewigheid.

Niks om te doen nie? Net 'n gevoel van leegheid en niks om te doen vir *alle ewigheid*? Dit klink heel opwindend, of hoe? Ons behoort onself nogtans af te vra, *watter soort God* sal ons in die ewigheid plaas met **niks** om te doen nie, met geen sin van vervulling nie, eenvoudig net doelloos rondsit **vir ewig**?

My vriende, wat sê die Bybel werklik – oor en oor – aangaande lewe na die dood? Jesus Christus sê: “Salig is die sagmoediges, want hulle sal die *aarde beërwe*” (Mattheüs 5:5). Jesus sê ook prontuit: “En **niemand** het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Weereens word dit in die Bybel voorspel dat Christus *na*

hierdie aarde sal terugkeer en sal **heers** oor die Koninkryk hier op hierdie aarde, **nie** bo in die hemel nie: "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: *Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword* en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Sal die ware heiliges van God Christus bystaan om oor hierdie aarde te heers? Of sal hulle bo in die hemel wees met **niks** om te doen nie? Weereens antwoord die geïnspireerde Bybel: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27).

Die rede waarom ware Christene dus nou "oorwinnaars" moet wees is omdat ons nou "in opleiding is" – besig is om voor te berei om *Christus by te staan* om oor hierdie aarde in die *Wêreld van Môre te regeer!* Die Bybel praat herhaaldelik hiervan as die *ware doel* waarvoor ons moet voorberei en van die *verantwoordelikheid* wat ons sal hê na die opstanding uit die dood in die komende Koninkryk van God. In die geïnspireerde "lied van die heiliges" lees ons wat die *ware beloning* van die heiliges sal wees. Die heiliges word uitgebeeld as singende

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Vervul u doel!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die gevaar van valse bekering

Het u u bekering as vanselfsprekend aanvaar? **3**

Waarom Bybel-profesieë bestudeer?

Bybelprofesieë onthul u toekoms – asook die toekoms van die wêreld. Wat beteken dit vir u lewe? **8**

Londen Roep:

'n Nuwe Europa verrys!

Namate 2012 op dreef kom, word die Europese Unie getrotseer deur ongekende onsekerheid en ontwrigting. **13**

Wilskrag

U kan u gees bemeester en beheer oor u lewe kry! **16**

Yster en klei

Die droom van 'n antieke Babiloniese koning werp lig op eindtydse profesieë van die Bybel wat nou in Europa en die Midde-Ooste gestalte aanneem! **20**

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Profesie neem gestalte aan

24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Die gevaar van valse bekering

Deur Roderick C. Meredith

Miljoene mense wat hulself as "Christene" beskou, het hul bekering as vanselfsprekend aanvaar. Hoe kan u seker wees dat u waarlik bekeerd is?

Daar is oral tekens dat ons in die "laaste dae" leef. Ekonomiese krisisse bly weerklink oor die hele wêreld, gebeurde in die Midde-Ooste is besig om op te vlam namate die beweging bekend as die "Arabiese Lente", voortgaan om diktators wat vir dekades lank regeer het, tot 'n val te bring. Hierdie gebeurde saam met baie ander, is 'n aankondiging van die eersdaagse wederkoms van Jesus Christus as Koning van konings (Openbaring 11:15).

Wat dan egter van ons? Terwyl die tyd besig is om uit te loop vir die wêreld, en vir ons individueel, behoort ons ernstig na te dink of ons werklik dienaars van die lewende Christus is. Jesus herinner ons daaraan: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee" (Openbaring 2:26).

Dus, is u besig om te "oorwin"? Is u besig om u lewe – dag na dag, maand na maand en jaar na jaar – te verander, deur Jesus Christus wat Sy lewe binne-in u leef?

Ons behoort "realisties" te wees aangaande ons eie toestand. Soos die apostel Paulus aan die Korinthiërs geskryf het: "Ondersoek juisself of julle in die geloof is; stel juisself op die proef. Of is julle nie seker van

juisself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie!" (2 Korinthiërs 13:5). Leef die Christus van die Bybel werklik Sy lewe in u deur die Heilige Gees wat? Of, het u (net soos ek!) eenvoudig grootgeword in 'n kerk en al sy leerstellings en gebruike as vanselfsprekend aanvaar?

'n Dooie godsdiens

Alhoewel mense geneig is om hul gunsteling sienswyses en mensgemaakte tradisies te koester – en alhoewel ons dit haat om gesê te word dat ons verkeerd is – is vandag se "hoofstroom Christelikheid" 'n dooie godsdiens.

Sommige van ons besef dit. Die meeste mense haat egter om dit te erken. Mense vind dit pynlik om te erken dat hulle verkeerd is. Hulle sal egter binnekort geen ander keuse hê nie. God sal 'n einde maak aan die mensdom se sekulêre en anti-God lewenswyses. "Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel; omdat Ek só met jou sal handel – maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel!" (Amos 4:12).

Is u voorbereid hierop? God sê aan ons om ons gereed te maak! Die tyd is nou! In die verlede het die meeste van u wat

die *Wêreld van Môre* gereeld lees, besef dat iets geestelik vir u ontbreek het vir baie jare. Nou het u begin om 'n groot deel nuwe waarheid te verstaan. 'n Nuwe lewenswyse gaan voor u oop. Nou begin u om werklik ??Bybelprofesieë te verstaan, asook die grootse doel wat hier benede uitgewerk word. Dus, vra uself af: Indien u werklik 'n Christen was al die jare voor u begin het om te leer wat u nou weet, hoekom het u soveel gebrek aan begrip kortgekom? Waarom het dit toe gelyk of God soveel minder werklik is as wat Hy tans is?

Ons moet die feite in die oë kyk! Om onself te verontskuldig sal hoegenaamd van geen nut wees wanneer ons voor die regterstoel van God gebring word nie! Ons behoort onself eerlik te ondersoek!

Beteken dit iemand anders?

Die klein woordjie *my* is vir die meeste mense kosbaar. Hulle praat liefdevol van "my opinie" – "my godsdiens", "my manier" en "my God". Mense hou nie daarvan om vertel te word dat hul opinie, of hulle geloof, verkeerd is nie.

Nogtans, in hierdie doolhof van godsdienstige Babilon, moet

iemand verkeerd wees! Is u bereid om te erken dat dit u *kan* wees? Mag God u help om dit te doen! Want, as ons ons Bybels glo, sal ons vind dat die meeste mense op hierdie aarde deurtrek is van godsdienstige dwaling. Selfs die meeste belydende Christene is mislei!

Een van die beginsels in die Bybel wat die minste verstaan word, is dat God hierdie wêreld doelbewus verblind het (Romeine 11:8), en toelaat dat dit sy eie weg volg en lesse leer gedurende hierdie eerste 6,000 jaar van menslike geskiedenis. Terselfdertyd het God Satan toegelaat om die mensdom te beïnvloed. Die Skrif beskryf Satan duidelik as “die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, *wat die hele wêreld verle*” (Openbaring 12:9).

Vind u dit moeilik om te glo? Dit is waar. Op baie plekke dui u Bybel aan dat hierdie hele wêreld heeltemal mislei is in geestelike dinge. Onthou dat 'n misleide persoon nie weet dat hy mislei is nie. Hy is opreg, maar hy is opreg verkeerd!

Die groot, vals godsdiensstige stelsel wat ons Westerse wêreld vandag oorheers, word uitgebeeld in Openbaring 17. God beskryf hierdie afvallige kerk as 'n gevalle vrou – 'n groot hoer, “met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery” (vers 2).

As gevolg van valse leringe en beginsels wat sedert kinderjare aanvaar is, is die

meeste mense geestelik dronk – hulle het 'n verwronge uitkyk sodat hulle nie in staat is om geestelike waarhede te sien. Net soos dronkaards, is hulle dwaas tevrede met die wasige, mistige, verwarde geestelike toestand waarin hulle hulself bevind.

Hulle dink hulle is almal reg – so bolangs, ten minste. Diep binne-in spook die besef egter dat iets kortkom – hul godsdien kom so leeg voor. God lyk op een of ander manier so onwerklik, en so baie, baie ver weg.

'n Vervalste Christendom

Die groot godsdienstige misleiding wat hierdie wêreld in 'n wurggreep het, is die gevolg van Satan, die duiwel, se werking deur vals predikante wat 'n *vervalste Christendom* verkondig. Na alles, 'n bedrieër is 'n vervalser. Satan, die duiwel, is die opperste vervalser van alle eeue! Daarom het sy predikante 'n leerstelling wat lyk of dit die waarheid kan wees.

Die apostel Paulus beskryf hierdie vals Christelike predikante – wat reeds in sy tyd aan die werk was: “Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy [die duiwel se] dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke” (2

Korintiërs 11:13-15).

Ja, Satan die duiwel het predikante! Hulle gee voor om predikante van Christus te wees! In werklikheid verkondig hulle 'n leerstelling van “geen werke nie” – geen gehoorsaamheid aan God se wet nie. Daarom sal hulle self geoordeel word volgens hulle bousewerke!

God waarsku ons om elke gees of geestelike lering wat van mense afkomstig is te *toets*. “Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Johannes 4:1).

Onwetend, en in die meeste gevalle opreg, is die meeste van u wat hierdie artikel lees, in die verlede mislei deur valse prediking – wat ontstaan en voortgevloei het uit Satan, die duiwel, deur sy bouse geeste wat die godsdienstige stelsels en valse predikante van ons dag inspireer en beïnvloed! Dit is tyd om wakker te word!

In hierdie laaste dae voor die wederkoms van Jesus Christus, behoort u te weet of u gereed is om u God te ontmoet! U behoort met 'n oop gemoed gewillig te wees om te bewys of u **ooit werklik bekeerd** was.

Dit is 'n ernstige saak! Mense se misplaaste vertroue in 'n valse bekering is 'n groot en dodelike misleiding, wat kan veroorsaak dat hulle hul ewige lotsbestemming kan verbeur! Wat egter van u? Is u bereid om hierdie moontlikheid onder oë te neem? Is u bereid om te verander as God aan u bewys dat u werklik nog nooit werklik

voorheen bekeerd was nie?

Wat bekering regtig is

God se Woord sê: “Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie” (Romeine 8:9). In eenvoudige taal gestel, u moet Christus se Gees in u hê, of u is nie 'n Christen nie – u was nog nooit bekeerd nie.

'n Waarlik bekeerde persoon is gevul met en word gelei deur die Heilige Gees van God. God plaas en lei Sy lewe eintlik in ons deur middel van Sy Heilige Gees. Op hierdie manier word ons deur Hom verwek as kinders – en deel dus in Sy karakter! “Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God” (Romeine 8:14).

Om eerlik te wees, in die verlede het die meeste van u wat hierdie artikel lees, nie eens geweet wat die Heilige Gees is, wat dit veronderstel was om in u lewe te doen, en wat die werklike gevolg gaan wees wanneer u deur God se Heilige Gees gelei word nie.

In Romeine 5:5, sê God dat “die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is”. Deur middel van Sy Gees, gee God ons Sy liefde. So is ons deel van Sy natuur – Sy karakter. God se karakter word uitgebeeld in die geestelike beginsels soos vervat in die Tien Gebooe – gehoorsaamheid aan God se Wet. “Want dit is die liefde tot God dat ons sy gebooe bewaar; en sy gebooe is nie swaar nie”

(1 Johannes 5:3).

God se Gees lei ons om aan Hom gehoorsaam te wees as ons Skepper en Heerser. Die apostel Petrus is geïnspireer om ons te herinner dat God die Heilige Gees gee “aan die wat Hom gehoorsaam is” (Handelinge 5:32).

Werklike bekering dan, behels 'n ware oorgawe om God en Sy wette te gehoorsaam. Petrus was geïnspireer om aan ons te sê hoe om ons te bekeer. Hy het gesê: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38).

Ons het berou oor sonde maar wat is die Bybel se definisie van sonde? “Sonde is immers die oortreding van die wet van God” (1 Johannes 3:4, NV). Dus, om werklik bekeerd te wees moet u berou hê omdat u God se wet verbreek het! Onthou dat Jesus Christus in die Nuwe Testament, God se Wet *ver groot* [uitgebrei] het – veral in Mattheüs 5 en in die Bergpredikasie as 'n geheel. Ons moet nie net die letter nie, maar ook die gees of die bedoeling van God se wet in elke faset van ons lewe onderhou. Jesus sê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4).

Dan is dit noodsaaklik dat ons gedoop word as 'n uiterlike teken van ons bereidwilligheid om die ou “self” heeltemal te begrawe – *om letterlik ons*

lewens aan God en aan Jesus Christus as ons persoonlike Verlosser, Hoëpriester en Meester, *oor te gee*.

Die apostel Paulus beskryf die doop as 'n begrafnis van die ou self (Romeine 6:1-4). Dit moet 'n algehele onderdompeling van die liggaam onder die water wees, as 'n simbool van die begrafnis van die ou selfsugtige self in die graf.

Valse bekering is baie algemeen

Om eerlik te wees, selfs die meeste sogenaamde “gedoopte” mense (baie is net “besprinkel”), het nooit regtig geweet waarvan hulle hul moet bekeer nie! Hulle het nie geweet wat sonde werklik is nie. Miskien het hulle opreg bedoel om “beter te doen” of “om vrede te maak met God”. Omrede hulle egter nie geleer het wat sonde regtig is nie, het hulle nooit werklik berou gehad oor sonde nie! Hulle was nooit “gebroke” deur die ellendige toestand van hul lewens nie, nooit vasberade om hulle eie menslike ydelheid en selfsug – wat voortdurend in die begeerlikhede van die vlees uitgebeeld word – te “begrawe” nie.

Hulle het nooit werklik berou gehad nie! Hulle het nooit die Bybel ernstig bestudeer nie. Hulle het net voortgegaan om “saam te gaan” met die gebruike, die gewoontes en die tradisies van hierdie wêreld. Hulle lewens het *eintlik nie verander* nie. Hulle het nooit daartoe gekom om God

persoonlik te leer ken nie! Dit is hoe die meeste "Christene" vandag is.

In teenstelling hiermee, toe Hy van waarlik bekeerde mense praat het Jesus verduidelik: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig" (Johannes 16:13). Indien u werklik bekeerd is, sal God se Gees u lei in die waarheid wat u nie voorheen geken het nie, en sal u help om Bybelprofesieë te verstaan op 'n manier wat u dit nooit voorheen verstaan het nie.

Ja, waarlike bekering is eintlik 'n omwenteling in die lewens van Christene! Dit vernuwe hul gedagtes, hul gesindhede – hul ware karakter! Bekeerde Christene begin om God te leer ken, soos nooit tevore nie. Hulle begin om op 'n persoonlike manier te bid en met God te praat. Hulle gebede word werklik verhoor! Namate hulle groei, raak hulle meer en meer soos Christus met elke maand en jaarwat verbygaan!

Ongelukkig het die meeste mense wat hulleself "Christene" noem, nog *nooit* eens begin om hulle voor te berei vir die pad na *ware* Christelike lewe nie.

Is u gewillig om hierdie feit te erken – en daarvolgens te handel?

Trotseer die menslike natuur

Die Almagtige God wat ons

denke en ons menslike natuur geskape het, waarsku ons in die boek van Spreuke. Hy vermaan ons: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 16:25; 14:12). Dit is slegs menslike natuur om te glo dat u doen en late korrek is. God sê egter dat die pad wat vir u reg lyk, in die dood sal eindig! Onthou dat die loon van die sonde, die dood is (Romeine 6:23).

Die grootste struikelblok wat die meeste mense verhoed om die waarheid te aanvaar en hul waarlik te bekeer, is hul ydelheid. Talle mense het grootgeword in, en een of ander soort kerk bygewoon, dus haat hulle dit om te erken dat hulle hulself nooit bekeer het nie! Die menslike natuur veroorsaak dat die meeste mense hulle eie geregtigheid wil verkondig. Hulle het nooit werklik berou nie, hulle het nooit daartoe gekom om hulself werklik as sondaars te verafsku nie!

Die ware God beveel ons egter om op te hou om onself te regverdig! "Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:7).

Miskien dink u dat u nie goddeloos was nie? Die Almagtige God sê: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie" (Romeine 3:10). Hy herinner ons, "almal het gesondig en dit ontbreek hulle

aan die heerlijkheid van God" (vers 23).

Ja, ons het almal gesondig! Ons het almal God se wette gebreek. Die meeste mense breek steeds Sy wette – en probeer om dit te regverdig waarom hulle dit doen!

God vermaan egter ernstig: "Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes" (Jesaja 55:8-9).

Ons eie menslike weë en redenasies, sonder God, is *altyd verkeerd!* Moet dit nie slegs toepas op ander mense nie – *pas dit op uself toe!*

Dit is byna seker dat die meeste van u wat hierdie artikel lees, nog steeds dit het wat die Bybel beskryf as 'n "wêreldse" verstand. Baie van u dink u is alreeds "gered", terwyl die waarheid van die saak is dat u nog nooit tot die punt van totale onderwerping aan God en Sy absolute heerskappy oor u lewe, gekom het nie! Daarom het u nog nooit God se Heilige Gees ontvang nie en is u ook nie verwek as Sy geestelike seun of dogter nie.

Dit is waarom u nie voorheen in staat was om Bybelprofesieë te verstaan nie! Dit is waarom u nooit regtig die grootse doel wat hier benede uitgewerk word, verstaan het nie. Dit is ook waarom dit gelyk het of God altyd so ver weg was – so onwerklik.

Hierdie gebrek aan God se Gees is die rede waarom u nie

voortdurend groei in genade en kennis nie – waarom u tekort geskied het aan lewensbelangrike skriftuurlike waarhede vir soveel jare van u lewe.

Nou is dit tyd om *wakker te word!* Nou is dit tyd om u regtig te *bekeer*

Wat u behoort te doen

Eerstens, u behoort hierdie artikel van toepassing te maak op uself. U behoort ook daarna te streef om nie toe te laat dat u gevoelens seergemaak word deur die korreksie en vermaning wat hier gegee word in opregte liefde nie!

Onthou dat toe Jesus aan Sy dissipels gewys het dat hulle van Hom en Sy boodskap moet “eet”, was baie van hulle se gevoelens seergemaak en hulle het hul onttrek. “En baie van sy dissipels het gesê toe hulle dit hoor: Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?” (Johannes 6:60). “Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie?” (vers 67).

Petrus het daarna 'n antwoord gegee wat vandag nog dieselfde betekenis het. Hy het gesê: “Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe” (vers 68).

Indien God aan u gewys het deur die “vrugte”, dat wat u in hierdie tydskrif lees, die waarheid is, dan behoort u bang te wees om van die waarheid af weg te draai! Waarheen anders kan u gaan?

Duisende van u het tot die besef gekom dat u die waarheid en die boodskap van God

ontvang deur middel van hierdie Werk – die *Tomorrow's World*-beeldsending en die *Wêreld van Môre*-tydskrif. U begin besef dat hierdie die Werk is van die ware Kerk van God.

U het egter nog nooit gedink om iets werklik daaraan te doen nie! Indien ons die dienaars is van die Allerhoogste God, dan behoort u ons lering en voorbeeld te volg wanneer u sien dat dit volgens die Bybel is. U behoort sulke artikels soos hierdie meer letterlik en persoonlik op u eie private lewens toe te pas.

Die apostel Paulus was geïnspireer om te skryf: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korinthiërs 11:1). U behoort die voorbeeld van God se ware leraars en van Jesus Christus na te volg.

Eintlik het die meeste van u wat hierdie artikel lees, nog nooit berading ontvang van een van God se ware leraars oor *werklike bekering* en *doop* nie. Die geleentheid is egter daar, indien u bereid is om dit te gebruik. Menige van u, lesers van die *Wêreld van Môre*, het geskakel, geskryf of met ons deur die Internet kontak gemaak om persoonlike berading te vra van 'n ware leraar van Jesus Christus. Indien u begin verstaan dat die Werk agter hierdie tydskrif, vandag die werk van God se ware Kerk is, en u die belangrikheid van verandering in u lewe besef het en opreg is, moet u nie nalaat om ons by die naaste Streekskantoor aan u te kontak, soos gelys op bl. 2 van hierdie

uitgawe nie.

Op een of ander wyse het almal van u, geagte lesers, nodig om die lewensbelangrikheid van *ware bekering* te besef! Moet dit nie so lank uitstel dat u die geleentheid verbeur nie! Onthou dat God nie die gewoonte het om Sy Werk deur misleide predikante te doen nie! Indien u werklik seker wil wees van u geestesgesteldheid, moet u beraadslaag met die ware leraars van God wat as instrumente gebruik word om Sy boodskap te verkondig aan hierdie sterwende wêreld. U behoort dan nederig ag te slaan op hulle advies – om hulle voorskrifte te volg – indien u tevrede gestel is dat hulle werklik leraars van God is.

Wees bereid om te verander

Moet nooit vergeet dat voor *werklike bekering*, *werklike berou* kom nie. U behoort uself te verootmoedig totdat u opreg kan sê, soos Dawid gedoen het: “Was my heeltemal van my ongeregigheid en reinig my van my sonde. Want ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my” (Psalm 51:4-5).

Let op dat Dawid nie probeer het om homself te regverdig nie – hy het sy sonde vrywillig erken en vir vergifnis gevra. Hy gaan voort: “Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in U oë” (vers 6). Dit was nie vir God nodig om met Dawid te argumenteer ofte “redeneer” om sy skuld te erken nie! Dawid het,

Vervolg op bladsy 26

Waarom Bybel-profesieë bestudeer?

Deur Richard F. Ames

***Bybelprofesieë onthul u toekoms – asook die toekoms van die wêreld.
Wat beteken dit vir u lewe?***

Baie mense wat godsdienst as stokperdjie beoefen is nuuskierig oor Bybelprofesie, maar hulle weet nie wat die ware betekenis en doel daarvan is nie. Sommige belydende Christene verwerp Bybelprofesie as onbenullig en onbelangrik. Hulle mag toegee dat profesie interessant kan wees, maar hulle sê dat dit nie iets met verlossing te doen het nie.

Kan u insien wat ontbreek in daardie benadering? Soos Jesus in Sy eie woorde sê: “Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word” (Mattheüs 24:13). Ware Christene sien uit na die geprofeteerde toekoms wanneer “hierdie evangelie van die koninkryk ... verkondig [sal] word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom” (vers 14).

Ons hoop as Christene is in hierdie profesie wat nog vervul moet word! Ware Christene is nou besig om voor te berei om verander te word, om in daardie Koninkryk te kan ingaan met Christus se wederkoms. Soos die apostel Paulus skryf: “Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode

sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is, en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning” (1 Korinthiërs 15:51-54).

Die opstanding van getroue Christene sal plaasvind met die “laaste basuin” – die sewende basuingeskal, wat in Openbaring 11:15 aangekondig word. Diegene wie “volhard tot die einde toe sal gered word”, soos Jesus gesê het. Vir party mense sal die “einde” die einde van 'n getroue Christelike lewe wees. Ander sal nog lewe met Christus se wederkoms. Al hierdie getroue Christene sal opgewek en/of verander word met Christus se wederkoms en sal die geprofeteerde Koninkryk van God ingaan.

Party mense erken nie dat daar 'n toekomstige Koninkryk van God is nie. Hulle mis die betekenis van Paulus se aanmaning dat “vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die

verganklikheid nie die onverganklikheid nie” (1 Korinthiërs 15:50). Indien u 'n vlees-en-bloed Christen is, is u nou besig om voor te berei om die Koninkryk te beërwe, maar u het nog nie die Koninkryk geërf nie! U sal u volle erfenis eers kan ontvang tydens die tyd van die opstanding (Johannes 3:5-6).

Jesus Self beklemtoon dat hierdie erfenis sal plaasvind aan die einde van hierdie tydperk: “Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is sê: Kom, julle geseëdes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af” (Mattheüs 25:34).

Wat is profesie?

Sommige mense probeer verkeerdelik om profesie te skei van God se plan van verlossing, maar dit kan nie gedoen word nie. Wat presies is profesie? Eerstens, laat ons kyk wat dit *nie is nie*. Soos *Unger's Bible Dictionary* sê: “Profesieë is nie bedoel om die toekoms openbaar te maak vir ydele nuuskierigheid nie, maar vir die groter doel om lig te verskaf aan diegene wie se geloof versterking nodig het” (*Moody Press*, 1967, bl. 892).

Het u geloof versterking nodig? *Unger's* gaan voort: “Die

openbaring van toekomstige gebeure mag noodsaaklik wees in tye van mismoedigheid, om hoop aan te wakker of om dit te versterk, om vertrouwe in te boesem wanneer ons terugval en om die gelowiges te waarsku teen boosheid wat hulle bedreig. Die voorspellings teen Babel, Tirus, Egipte, Ninevé en ander koninkryke, was aan die volk van God gegee om hulle te vertroos, deur aan hulle die ondergang van hul vyande te kenne te gee” (*ibid.*).

Unger definieer profesieë baie eenvoudig: “Die mondelinge of geskrewe boodskap van 'n profeet” (*ibid.*, bl 893). Die Griekse woord is *prophetes*, wat beteken “vooruit-verteller” of “geïnspireerde spreker”. Die *Anchor Bible Dictionary* stel dit só: “In die sekulêre wêreld was die woord 'profeet' gebruik ... dit beteken 'iemand wat namens 'n god praat en sy wil uitlê' aan mense” (Vol. 5, bl. 496).

God se ware profete het Sy wil aan die mensdom openbaar. Hulle het ook waarskuwings gerig aan die volke van antieke Israel, asook aan baie ander nasies. Byvoorbeeld, na die dood van Juda se koning Jojada het die nasie die ware God verlaat en afgode aanbid: “... en hulle het die huis van die HERE, die God van hulle vaders, verlaat en het die heilige boomstamme en die afgode gedien. Toe kom daar 'n toorn oor Juda en Jerusalem weens hierdie skuld van hulle” (2 Kronieke 24:18). Hoeveel mense vandag aanbid die moderne afgode van mag, besittings en posisie? In die

bladsye van hierdie tydskrif, en op die *Tomorrow's World*-beeldsendings, waarsku ons ons Westerse nasies om hulle te bekeer. Hoe het God gereageer toe Juda en Jerusalem afgodery bedryf het? “En Hy het profete onder hulle gestuur om hulle na die HERE terug te bring; en dié het hulle gewaarsku, maar hulle het nie gehoor gegee nie” (vers 19).

Uiteindelik het God die koninkryk van Juda in Babiloniese ballingskap gestuur vir hulle boosheid. Ons behoort te luister na God se waarskuwings aan ons vandag! God se Woord, die Bybel, gee aan ons ontnugterende profesieë en waarskuwings waarop ons behoort ag op te slaan!

Die profete was God se boodskappers. Hulle het onderrig asook onthullings bekend maak. *Unger* se kommentaar op die rol van die profete is soos volg: “Die voorspellende element was 'n gereelde deel van die inhoud van die profeet se boodskap, maar dit is nie die enigste element nie. Die profete verskyn dikwels in die rol van maatskaplike en politieke hervormers, predikers met roerende boodskappe van geregtigheid en godsdienstige herlewing, asook om voorspellers van oordeel of seën te wees, soos die geleentheid dit vereis het. Die profeet se boodskap was immer godsdienstig en geestelik, en het die wil van God aan die mense oorgedra en hul opgeroep tot volkome gehoorsaamheid” (bl. 893).

Dus, soos ons gesien het, het God profete gestuur om nasies te help hervorm van hulle onsedelikheid. Die profete het ook God se plan vir die toekoms openbaar. Na Sy opstanding uit die dode het Jesus Christus na sommige van die talle profesieë oor Homself verwys: “En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan” (Lukas 24:44-45). Toe Jesus van die “Skrifte” gepraat het, het Hy verwys na wat ons nou die Ou Testament noem. Die Ou Testament was in drie afdelings georganiseer: Die Wet, die Profete en die Geskrifte. Die boek Psalms is die eerste boek in die Geskrifte. Jesus het die belangrikheid van Bybelprofesieë wat Sy eerste koms en Sy Messiaskap voorspel het, beklemtoon. Baie Ou-Testamentiese profesieë voorspel ook Sy wederkoms.

Profesie is grondliggend

Profesie is die grondslag van die Nuwe-Testamentiese Kerk. Soos Paulus skryf: “So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is” (Efesiërs 2:19-20).

Die Skepper God het Sy

profete geïnspireer om aan ons onderrig, openbaring en waarskuwing te gee. Dit is dus belangrik om te weet wie 'n ware dienaar van God is, en wie hulle valslik daardie rol toe-eien. Jesus waarsku ons: “En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei” (Mattheüs 24:11). Hoe kan u weet wie God se ware dienaars is? Die Skrif gee aan ons die antwoord. “Tot die wet en tot die getuigenis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle *'n volk* wat geen dageraad het nie” (Jesaja 8:20).

Indien iemand vandag aanspraak maak om 'n profeet te wees, maar die duidelike woorde van die Skrif weer-spreek, deur sy eie woorde te plaas bó die geloof “wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is” (Judas vers 3), is hy 'n valse profeet. God se dienaars verkondig en gee onderrig volgens Sy Woord, die Bybel! Dit geld vir my, en vir hierdie tydskrif. Toets ons – bevestig ons woorde in u Bybel – maak seker u toets ander mense wat sê dat hulle God se Woord verkondig.

Baie mense wat godsdiens as stokperdjie beoefen skep wilde wanvoorstellings van profesie deur hul “gunsteling idees” te neem en dan te probeer om hulle in die konteks van die Skrif te plaas. Soms is hierdie selfgemaakte profete onskuldige mense wat mislei is, maar soms is hulle bedrieërs wat probeer om die onskuldiges te mislei. Wees versigtig!

Vier doeleindes van profesie

Bybelprofesie is vir baie doeleindes gegee. Ons sal hier **vier doeleindes** wat die mees vernaamste is, in aanmerking neem. **Eerstens**, Bybelprofesie waarsku mense en nasies om hulle te bekeer, **sodat hulle straf kan vermy**.

Johannes die Doper het baie mense emosioneel geraak deur sy prediking. Wat was sy boodskap? “In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: **Bekeer** julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom” (Mattheüs 3:1-2). Jesus Christus het spoedig daarna hierdie selfde boodskap van bekering verkondig (sien Markus 1:14-15).

Hoe het mense reageer op Johannes se prediking? “En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes. Maar toe hy [Johannes] baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Dra dan vrugte wat by die bekering pas” (Mattheüs 3:5-8).

Ons moet almal ag slaan op hierdie waarskuwing en vrugte dra wat bekering waardig is. Indien ons werklik berou tot bekering het, belowe Jesus Christus beskerming vir diegene wat getrou is. Die apostel Johannes het hierdie boodskap

wat Christus aan die Kerk in Philadelphia gegee het, opgeteken: “Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel” (Openbaring 3:10).

'n Uur van beproewing gaan oor ons rebelse en goddelose wêreld kom. Jesus waarsku ons dat 'n Groot Verdrukking gaan kom (Mattheüs 24:21). God sal egter diegene beskerm wat luister na Sy profetiese waarskuwings en hulle lewens verander. Die boek Jona toon aan ons 'n seldsame voorbeeld van 'n volk wat regtig geluister het na 'n waarskuwing van God en hul weë verander het. Sal ons ook nasionaal en individueel bekeer?

God het besluit om Ninevé te vernietig, tensy sy inwoners hulle bekeer. Hulle *het* toe bekeer! Hoe het God oor hulle berou gevoel? “En God het hulle werke gesien dat hulle hul bekeer het van hul verkeerde weg; toe het God berou gehad oor die onheil wat Hy gesê het dat Hy hulle sou aandoen, en Hy het dit nie gedoen nie” (Jona 3:10). Die profetiese waarskuwing het God se seën oor die volk tot gevolg gehad. Sal ons reageer op vandag se profetiese waarskuwings soos antieke Ninevé gedoen het? Indien ons dit nie doen nie, sal ons die geweldige straf van die Groot Verdrukking ervaar.

'n **Tweede doel** van Bybelprofesie is dat dit **mense in ballingskap waarsku om hul**

te bekeer. Profesie onthul dat baie mense wat hul nie bekeer voor die Groot Verdrukking nie, God se profetiese waarskuwings sal onthou en hul sal bekeer gedurende die Groot Verdrukking te midde van pyn en lyding. God gee hierdie waarskuwing – en belofte – aan diegene wat in die toekoms nasionale slawerny en ballingskap sal ly: “En die HERE sal julle onder die volke verstrooi, en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen die HERE julle sal drywe. En daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip wat nie sien en nie hoor en nie eet en nie ruik nie. Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. As jy in die nood is en al hierdie dinge *aan die einde van die dae* oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister. Want die HERE jou God is 'n barmhartige God; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie” (Deuteronomium 4:27-31).

Jesus sê dat die Evangelie van die Koninkryk 'n getuienis is aan alle nasies: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Mattheüs 24:14). Baie mense sal die Evangelie hoor, maar hulle in die begin nie daaraan steur nie. As gevolg daarvan sal hulle nie die Groot

Verdrukking kan vryspring nie. Profesie dui nogtans daarop dat baie van dié wat die ware Evangelie gehoor het, hulle *sal bekeer* tydens daardie toekomstige tyd van nasionale gevangenskap. Indien u een van hulle is, onthou asseblief God se belofte wanneer u in gevangenskap is. Hy sal u red. Hy sal u verlos, indien u Hom met u hele hart en met u hele siel soek!

'n **Derde doel** van Bybelprofesie is om die **toekomstige Koninkryk van God op aarde, aan te kondig**. Vir byna 6,000 jaar, het die mensdom die weg van sonde, selfsug, oorlog en gierigheid geloop. Die mensdom het nie die weg van vrede geleer nie. Slegs onder die heerskappy van die Prins van Vrede – ons Verlosser, Jesus Christus – sal mense altyd blywende wêreldvrede kan geniet.

Profesie gee aan ons die bemoedigende nuus dat Jesus Christus Sy koninkryk hier op hierdie aarde sal vestig, en getroue Christene sal saam met Hom 'n duisend jaar lank regeer (Openbaring 20:4-6). Dan volg die “Groot Wit Troon Oordeel”, wanneer al die mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit God se Waarheid te hoor, opgewek sal word en hul eerste werklike geleentheid sal ontvang om Sy boodskap te aanvaar en volgens Sy wyse te leef. U kan van die profesieë aangaande die Millennium in Jesaja 2, 11 asook 35, en in Miga 4 lees. Dit is inspirerende profesieë wat aan ons ware hoop gee.

Edersheim's *Prophecy and History in Relation to the Messiah* merk op: “Die een deurlopende en aansporende idee van die Ou Testament is die koninklike heerskappy van God op aarde ... Hierdie Messiaanse idee is die enigste deurslaggewende rede waarom die Ou Testament beskou word as 'n openbaring”. (bll.48,135). Jesus Christus sal terugkeer as Koning van die konings en die Here van die here, soos dit in Openbaring 19:16 gestel word. “Die koninklike heerskappy van God op aarde”, soos Edersheim dit beskryf, sal wêreldvrede en voorspoed bring.

Dwarsdeur die geskiedenis het regering sonder God verskriklike lyding meegebring. Sonder God se geprofeteerde ingryping sal die mensdom se goddelose maniere van regeer, planeet Aarde na wêreldvernietiging lei – algehele vernietiging. Soos Jesus sê: “En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheüs 24:22). Die Bybel voorspel dat daar 'n tyd van herstel vir die aarde sal wees. Onthou Petrus se belofte dat God “Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete” (Handelinge 3:20-21). God sal die aarde herstel tot natuurlike,

onbesoedelde skoonheid en voorspoed, onder die goddelike regering en Koninkryk van God. Ons kan ons almal verheug in daardie goeie nuus.

'n **Vierde doel** van Bybel-profesie is dat dit **God se algehele soewereiniteit en mag** bewys. Niks kan God se plan van verlossing kelder nie. Daardie plan word geopenbaar in u Bybel, van Genesis tot Openbaring. God het 'n ongelooflike doel vir elke mens wat aan Hom gehoor gee. Daardie doel is om God se verheerlikte, onsterflike kinders te wees, vir alle ewigheid. Soos ons reeds gelees het: "... hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word" (1 Korinthiërs 15:53). God se groot mag, deur Sy Seun en ons Verlosser, Jesus Christus, sal dit laat gebeur.

Die Almagtige God verklaar Sy mag en soewereiniteit: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen; wat 'n roofvoël roep uit die Ooste, die man van my raad uit 'n ver land; soos Ek dit gesprek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen" (Jesaja 46:9-11). God, die Almagtige, sal Sy doel en profesie kragdadig vervul.

Die profeet Amos waarsku ons dat daar 'n tyd sal aanbreek wanneer die waarheid wat u nou lees, nie beskikbaar sal wees nie: "Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na

brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie" (Amos 8:11-12).

U behoort op die waarheid te reageer terwyl dit beskikbaar is. Lees hierdie tydskrif en kyk na die *Tomorrow's World*-beeldsendings. Die belangrikste van alles, lees u Bybel en pas die waarhede daarin toe in u lewe!

Jesus Christus bied 'n wonderlike belofte aan diegene wat Hom soek, wat opreg graag wil verstaan: "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby" (Openbaring 1:3). U kan geseënd wees, indien u ywerig God se Woord bestudeer en die baie profesieë daarin verstaan. **WV.M**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Yster en klei

"Verenigde State van Europa" – 'n ontwikkeling wat die *Wêreld van Môre*-tydskrif en sy voorgangers lankal reeds, vir meer as 'n halwe eeu, uit Bybelprofesie voorspel het!

Is die spanning op die Europese Unie en die euro-geldeenheid te veel vir hierdie relatief nuwe instellings om te dra? Sommige kommentators – Euro-skeptici – is van mening dat die Europese Unie binnekort uitmekaar sal spat en so ook die euro as 'n gemeenskaplike geldeenheid sal vernietig. Sal die Europeërs – wat reeds so ver gekom het met so 'n groot

opoffering – hul droom van 'n federale Europa prysgee? Vir minstens die mees toegewyde kern van EU-ondersteuners, is dit ondenkbaar.

Daar is ook 'n ander sienswyse – dat die spanning wat lyk of dit nou die EU uitmekaar gaan skeur, eintlik Europese konsolidasie sal verseker. Hoe kan dit wees? **Hoe groter die spanning wat die EU uitmekaar wou skeur hoe sterker is die federale bande wat nodig is om die EU bymekaar te hou.**

Sommige mense glo dat, sonder die smeltkroes van die huidige krisis, die Europeërs nie die

bande van 'n ware federale Europa kan smee nie. Volgens hierdie siening, indien die Europeërs daartoe verbind bly om vorentoe te beweeg in plaas van agtertoe, sal die strome van die geskiedenis hulle meesleur tot 'n ware federale "Verenigde State van Europa". **Dit mag dus 'n groot krisis en 'n groot leier verg om 'n groot oplossing teweeg te bring!**

Is dit die tone?

Nasies gee selde hul soewereiniteit vrywillig prys – dit word gewoonlik met geweld

Vervolg op bladsy 15

Londen Roep

'n Nuwe Europa verrys!

Deur John Meakin

Namate 2012 op dreef kom, word die Europese Unie getrotseer deur ongekende onsekerheid en ontwrigting. Die regerings en volke van Europa is vasgevang in sosiale, politieke en ekonomiese ellende wat die toekoms van die EU in 'n krisis dompel. Die wêreld buite Europa ervaar alreeds die gevolge, namate nasionale banke die wêreldmarkte oorstrom het met dollar likiditeit, in die hoop om wêreldwye ekonomiese ineenstorting te voorkom.

Christine Lagarde, besturende direkteur van die Internasionale Monetêre Fonds, het gesê dat Europa nou besig is om in die afgrond, van 'n *verlore dekade* van groei en vooruitgang, te staar. Ekonomiese data dui daarop dat dinge heel moontlik erger kan raak as in 2008. Professor Simon Johnson, 'n voormalige hoof-ekoonoom van die IMF, het selfs gewaarsku dat die wêreld "reguit op 'n groot depressie afstuur".

Hier is hoe die *Economist*-tydskrif dit opsom: "Wanneer die wêreld se derde grootste effektemark begin om te wankel, doem daar rampspoed op. Nie net die Italiaanse ekonomie is op die spel nie, maar ook Spanje, Portugal, Ierland, die euro, die Europese Unie se enkelmarkstelsel, die wêreldwye bankstelsel, die wêreld-ekonomie, en feitlik enigiets

anders denkbaar" (12 November 2011, bl. 13).

Waarheen is hierdie ekonomiese en politieke chaos op pad? Hoe sal dit Europa en in besonder Groot-Brittanje, beïnvloed? Hoe pas vandag se vinnige gebeure in met Bybelprofesie?

Europese Unie ontknoping?

Die Europese Unie wat so moeitevol, stap-vir-stap, oor die afgelope halwe eeu saamgestel is, het onder geweldige druk gekom en is besig om onder swaar ekonomiese werklikhede te ontknoop. Kritici het van die begin af gesê dat die idee om al die ongelyksoortige nasies van Europa in 'n supra-nasionale entiteit met 'n gemeenskaplike geldeenheid te verenig, aanmatigend en bestem is tot mislukking. Vandag sien ons ook dat die fundamente van die EU en die euro geldeenheid tot in die kern geskud word te midde van 'n grootse geskarrel om besparingmaatreëls in te stel, skuld af te betaal, en nasionale begrotings te balanseer. EU-leiers sukkel om woeste finansiële markte te beheer. Baie mense het tot die gevolgtrekking gekom dat die euro nie kan oorleef sonder veelomvattende hervorming en herstrukturering nie.

Aan die hart van die EU se

verknorsing lê die Eurosone, die 17 lande wat die euro as hul gemeenskaplike geldeenheid deel. Sommige van sy lede, soos Griekeland, is toegelaat om aan te sluit, ten spyte van 'n ekonomie wat nouliks voldoen het aan die kriteria vir aansluiting. Swakker Eurosone staatshuishoudings wat op die rug ry van die euro se krag, kan groot skuld laat ophoop deur te leen van wat "goedkoop geld" geword het.

Die wêreldwye "krediet-krisis" van 2008 het daardie skuldbelaaide lande wat verbind is tot die euro, hard getref. Hierdie nasies het nie meer die buigsaamheid gehad om beheer uit te oefen oor hul eie geldeenheid nie. Nog minder was daar 'n "lener as die laaste uitweg" binne die Eurosone waarheen lande wat in die moeilikheid geraak het, kon kyk vir hulp. Dit het gou duidelik geword dat die ryker lande van die Eurosone gedwing sou word om hulppakkette te verleen aan lidlande wat armer is, 'n projek wat selfs nog groter bedrae geld sou betrek, namate die krisis verdiep, tot op die punt waar selfs die gesondste ekonomieë dit nie langer kon bekostig nie.

Dit is dus geen verrassing dat Duitsland – die EU se grootste en gesondste ekonomie – begin het om die voorrang beheer oor die

Eurosone te aanvaar nie. Waarnemers let ook daarop dat Duitsland vasbeslote is om te kry wat Duitsland wil hê, – selfs al sou dit beteken dat demokratiese aanspreeklikheid in die proses verwerp word.

Gedagtig aan die verwoestende hiperinflasie wat die Weimar Republiek tussen die Eerste en Tweede wêreldoorloë geteister het, het Duitsland geen sin aan 'n Anglo-Saksiese “markgeleide” oplossing, wat sou beteken dat meer geld gedruk moes word om skuld te delg, nie. Inteendeel, Duitsland dring aan op groter verantwoordelikheid onder politieke leiers, gepaard met besparing, gebalanseerde begrotings en die afbetaling van skuld. Om dit te fasiliteer, neem Duitsland die voortou om aan te dring op 'n hersiening van die EU-verdrae om selfs groter politieke en ekonomiese eenheid moontlik te maak, insluitende maatreëls om lande wat versuim om hul verantwoordelikhede na te kom, uit die Eurosone te verwyder.

Wat ons nou ervaar, is 'n dooiepunt tussen die finansiële markte en die Duits-geleide oplossing. Op die spel is die ineenstorting van die euro en die ontbinding van die Eurosone, met kollaterale skade aan die wêreld ekonomie, wat soos 'n besmetting kan versprei en die Verenigde Koninkryk, Verenigde State en ander nasies dieper in 'n finansiële krisis kandompel.

Kan die Verenigde Koninkryk die Duits-geleide druk, om meer betrokke te raak by die sorgwekkende euro,

weerstaan? Die nasie staar nou die bedreiging van 'n Duits-geïnspireerde finansiële transaksie-belasting in die gesig, wat Londen se status as 'n wêreld-finansiële kern bedreig. Sommige mense twyfel of Brittanje sy gesogte “arm-lengte”-afstand van die Eurosone kan behou en terselfdertyd goeie verhoudings met ander EU-lande kan handhaaf. Duitsland en Frankryk veral voel gegrief oor die Verenigde Koninkryk se huidige “half-los” verhouding met die EU, maar die Britte blyk onwrikbaar te wees in hul vasberadenheid om nooit ondergeskik te word aan 'n Duits-gedomineerde vereniging van nasies nie.

Sal die EU in staat wees om uit te hou totdat kalmer waters bereik kan word? Of, sal oorweldigende kragtige ekonomiese, maatskaplike en politieke kragte die EU uitmekaar skeur en uitloop op 'n kleiner en meer doeltreffende unie – of selfs 'n heeltemal nuwe unie? Korttermyn ontwikkelinge is aan die broei, selfs terwyl hierdie tydskrif gedruk word. Gelukkig gee 'n baie verontagsaamde gesag aan ons 'n raamwerk vir die langer termyn antwoord.

Tien gee hul soewereiniteit oor

Die Bybel skets 'n dramatiese prentjie van 'n kortstondige, omvattende herbelyning van nasies in Europa. Dit, glo ons, is presies wat nou moesaam besig is om

in Europa vorm aan te neem. 'n *Nuwe Europa sal verrys* uit al die chaos om op die wêreldtoneel los te bars. Dit mag 'n tyd duur om vorm aan te neem, maar dit is op pad.

Daar sal 'n unie van tien nasies in Europa tot stand kom, wat vir 'n kort tydjie hulle soewereiniteit sal oorgee aan een algehele sterk leier (Openbaring 17:11-13). Hierdie leier sal 'n bongenoot word van 'n groot Europese godsdienstige leier (verse 3-6). Saam sal hulle die Heilige Romeinse Ryk weer opwek om hulle filosofie, ideologie en mag aan die wye wêreld te projekteer (vers 18). Dit sal 'n tyd van ontsaglike gevaar word. Die Bybel voorspel dat Brittanje en Amerika, sowel as baie ander nasies, die slagoffers sal word van hierdie kortstondige wêreldmoondheid.

God sal hierdie ontluikende supermoondheid gebruik om die Anglo-Saksiese volke van Brittanje, Amerika, Kanada, Australië en Nieu-Seeland, onder andere – wat gedwaal het deur opstand en onkunde – te straf (vers 17). Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, vra asseblief vir u gratis eksemplaar van, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

Vir baie mense lyk hierdie merkwaardige Bybelse vooruitsig te vergesog en ongelooflik. Dit is nogtans tog waar en sal plaasvind net soos God dit voorspel het in die profesieë wat Hy geïnspireer het. Wat ons nou in Europa sien ontwikkel, is die voorbereiding van die verhoog vir 'n ramspoedige wêreldkrisis

wat die einde van die mens se wanbestuur sal aandui, die ingryping van Jesus Christus om menslike uitwissing te voorkom en die vestiging van Christus se aardse heerskappy in die Koninkryk van God (vers 14).

Die profeet Daniël het hierdie reeks gebeure wat die huidige tydperk sal verander, ten beste opgesom toe hy Nebukadnésar se droom vertolk het: “Maar in die dae van dié [tien] konings sal die God van die hemel 'n koninkryk

verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan – net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend

gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar” (Daniël 2:44-45).

U behoort dringend die geprofeteerde wêreldgebeure wat vinnig oor hierdie geslag toesak, te verstaan en ook hoe u daarop moet reageer. Skryf vir ons gratis boekie, *Veertien Tekens wat Jesus Christus se Wederkoms Aankondig*, om meer hieroor te leer. Dit mag al later wees as wat u dink. **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 12 – Yster en klei

afgeneem. Nogtans, indien die EU bly voortbestaan en ekonomiese ramspoed vermy, glo baie mense dat dit nodig sal wees vir die lidlande om *hulle mag en gesag oor te gee* aan 'n sentrale Europese regering.

Waarnemers wat die politieke situasie in Europa verstaan, is dit eens dat Duitsland die belangrikste finansiële mag sal moet wees om vir so 'n reëling te betaal, en dus daarop sal aandring om die dominante rol te speel. Duitsland sal in 'n posisie wees om aan te dring op 'n heronderhandeling van die huidige politieke struktuur van die EU, en om toesig te hou oor die oplegging van veel groter sentrale politieke en ekonomiese beheer oor lidstate, sodat swak state beter beheer of selfs uit die Unie verwyder kan word. Hoe dit ook al sy, min mense verwag nou dat die huidige opset van 'n 27-nasie EU en 'n 17-nasie Eurosone, sal voortbestaan.

Lees “*n Nuwe Europa Verrys!*” elders in hierdie uitgawe, vir 'n Britse perspektief op hierdie ontwikkelings.

Dink terug aan die tone van die voete in Nebukadnésar se droom. God het in 'n visioen aan die apostel Johannes geopenbaar dat, teen die einde van hierdie huidige tydperk, daar 'n herlewing van die Romeinse Ryk sal wees, wat sal bestaan uit tien nasies of konings wat “*hulle mag en gesag sal gee*” aan die voortsetting van die antieke Babiloniese stelsel. Hierdie tien nasies sal gedeeltelik swak en gedeeltelik sterk wees, soos tone van yster en klei. *Sien ons dalk die totstandkoming van daardie tone?*

Ons moet ook onthou dat ekonomiese gebeure nie afsonderlik van geopolitieke ontwikkelinge plaasvind nie. Selfs terwyl hulle 'n finansiële krisis moet konfronteer, sien Europeërs 'n herlewing van

radikale Islam aan hulle suide, en ondervind hulle die gevolge daarvan selfs in hulle eie nasies. Baie mense buite Europa dink nie daaraan dat, so onlangs as 1683, Moslemse militêre magte al by die hekke van Wenen was nie. Deesdae groei Islam regdeur Europa, veral as gevolg van immigrasie, en baie prominente stemme (insluitend dié van Pous Benedictus XVI) dring by Europeërs aan om hul erfenis as Rooms-Katolieke terug te eis en die verspreiding van sekularisme en Islam teen te staan. Sal 'n sterk sentrale leier Europa verenig teen die verspreiding van Islam?

Kyk net!

In Sy “Olyfberg Profesie” maak Jesus Christus melding van wat Hy eeue vroeër deur Daniël profeteer het: “En wanneer julle die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek

Wilskrag

Deur Rod McNair

U kan u gees bemeester en beheer oor u lewe kry!

Die meeste mense wil graag meer wilskrag hê. Ons dink dikwels egter dat om dit te ontwikkel omtrent soveel aardigheid is as om 'n tand te trek of om 'n splinter te verwyder. Soos wat elke nuwe jaar begin, neem miljoene mense weereens besluite om 'n verandering in hul lewens te maak: Meer te oefen, minder te eet, op te hou rook of drink of om meer tyd saam met hul gesinne deur te bring. Wel, waarom beland so baie goedbedoelde doelwitte op die ashoop?

Die apostel Paulus het geprofeteer dat mense wat in die eindtyd leef gebombardeer sal word deur 'n vernietigende spervuur van versoekings. Hy het gesê dat baie mense in die laaste dae genotsugtig sou wees; "liefhebbers van hulleself ..., geldgieriges ... sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën Keer jou ook van hierdie mense af" (2 Timoteus 3:2-5).

Wat presies is "wilskrag"? So vreemd as wat dit mag klink, *glo* baie sosiale wetenskaplikes *nie eens meer in die bestaan daarvan* nie! In hul boek, *Willpower: Rediscovering the Greatest Human Strength*, beskryf outeurs Roy Baumeister

en John Tierney hierdie verskuiwing: "Die wil het so onbelangrik geword dat dit nie eens gemeet of vermeld word in moderne persoonlikheids-teorieë nie. Sommige neurowetenskaplikes ontken na bewering die bestaan daarvan. Baie filosowe weier om die term te gebruik ... hulle verkies om te praat van vryheid van dade, nie van 'n mens se wil nie, omdat hulle *dit betwyfel of daar enigins so 'n ding soos 'n wil is*" (bl.8).

Geen wil beteken geen kapasiteit om morele keuses te maak nie. Geen wil beteken geen verantwoordelikheid vir sonde nie. Foute en tekortkominge kan geblameer word op genetika, agtergrond, ouers, omgewing, of net bloot "ongeluk". Die "nie-bestaan van die wil"-teorie is net nog 'n manier waarvolgens 'n verwarde en misleide mensdom sy begeerlikhede kan najaag sonder die pyn van skuldgevoelens en skaamte.

Wilskrag is egter 'n werklikheid. God sê so! Hy sê aan ons dat wilskrag (of "self-beheersing", soos die Bybel daarna verwys) *noodsaaklik is vir sukses in die lewe*. Die wyse koning Salomo verduidelik dat enigiemand wat daarna streef om ander te lei, eers moet leer om die self te regeer: "Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as

een wat 'n stad inneem" (Spreuke 16:32). Hy het verder aangeteken: "'n Afgebreekte stad sonder muur, so is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie" (Spreuke 25:28). Sonder wilskrag, of selfbeheersing, is ons blootgestel aan die verwoesting van versoeking en sonde. In teenstelling daarmee, lewer selfbeheersing tasbare voordele van geluk en welstand. Om beheer te verkry oor die wil, is noodsaaklik vir ons innerlike vrede, tevredenheid en uiteindelijke sukses.

Wat van u? Kan u u gedagtes en impulse aanwend en kanaliseer in 'n positiewe rigting? Of voel u soms deurmekaar gewaai deur die misleidende winde van versoeking? Die goeie nuus is dat indien u graag wil, *kan* wilskrag ontwikkel en versterk word. Deur dit te doen, kan baie makliker wees as wat u dink.

Vlug weg van versoeking

Die apostel Paulus het gesê ons "worstelstryd" is teen owerhede of bose geeste wat probeer om ons te mislei (Efesiërs 6:12). Dus, as Christene, moet ons altyd gereed wees om staande te bly en die goeie stryd van die geloof te stry (2 Timótheüs 2:3; 1 Timótheüs 6:12). Soos die apostel Jakobus skryf, "... weerstaan die duiwel, en hy sal

van julle weglug” (Jakobus 4:7).

Veg is egter nie die hele antwoord nie. Wat dikwels die belangrikste is, is om van versoeking afweg te vlug. Hieris wat Paulus skryf in verband met die hantering van seksuele versoeking: “Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam” (1 Korinthiërs 6:18). Paulus het geweet om nie “rond te hang” om te sien wat mag gebeur toe hy versoek was nie – hy het geweet hy moet vlug, soos hy uit 'n brandende gebou sou vlug!

Paulus het 'n soortgelyke verduideliking gegee aan die jong evangelis Timótheüs, ten opsigte van die versoekings van rykdom: “Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede... Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid” (1 Timótheüs 6:9, 11).

Is om van versoeking afweg te vlug 'n teken van swakheid, of gebrek aan wilskrag? Nee! Dit hou ons wilskrag sterk. Intendeel, om in die teenwoordigheid van enige vorm van onsedelikheid te vertoef, is wat ons wilsbesluit bietjie vir bietjie sal ondergrawe, totdat ons uiteindelik sal swig voor die versoeking.

Skrywers Baumeister en Tierney beskryf navorsing wat hierdie gesonde Bybelse

beginsel bevestig. Die proefpersone is in 'n kamer gesit om na 'n film te kyk. Sommige was binne armlengte van 'n bakkie lekkers geplaas, ander het aan die oorkant van die vertrek, weg van die bakkie lekkers, gesit. Na afloop van die film, is gevind dat diegene wat naaste aan die aantreklike lekkergoed gesit het, aansienlik minder wilskrag gehad het as die ander! Die navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat dié wat die verste van die lekkers af gesit het, minder geestelike krag gebruik het om dit te weerstaan, en het daarom meer wilskrag “in reserwe” gehad wat gespaar was vir die volgende oefening.

Dit beklemtoon Paulus se raad aan Timótheüs. Indien ons versoek word deur wellus, of hebsug, of enige onetiese begeerte, moet ons maak dat ons wegkom, sonder versuim! Ons moet ten minste die versoeking so ver weghou as moontlik. Indien u worstel met verslawing aan alkohol, moenie drank in die huis hou of plekke besoek waar u weet dat dit toeganklik is nie. Indien dit vir u moeilik is om pornografie te weerstaan, plaas 'n filter op u rekenaar (en laat iemand anders wie u vertrou, die wagwoord hou). Om ons wilskrag te versterk, moet ons daadwerklike pogings aanwend om van *versoekings afweg te vlug*.

Beoefen u wilskrag

Atlete berei hul voor vir sportwedstryde deur te oefen. Hulle oefen, dan oefen hulle nog

meer. Om bloot te weet hoe om 'n kolf te swaai, 'n bal te skop, of 'n basketbal te skiet, bring nie vaardigheid nie. Dit verg honderde of duisende herhalings, uur na uur, dag na dag, voor die bewegings so natuurlik raak dat dit bykans outomaties is.

Paulus beskryf die geestelike reis as 'n wedloop wat met volharding gehardloop moet word (Hebreërs 12:1). Hy lê klem daarop dat Christene dit doen deur gebruik te maak van God se Gees, wat baie voordele inhou, insluitende selfbeheersing (Galasiërs 5:22).

Godelike selfbeheersing is soos 'n spier wat wegkwyn as dit nie ontwikkel word nie. Wanneer ons besluit om iemand te vergewe wat ons benadeel het, beoefen ons geestelike krag oor ons wil. Wanneer ons dit weer en weer doen, herhaal ons die patroon, dit word meer natuurlik vir ons, selfs tweede natuur. Dit is geen wonder dat Jesus Christus gesê het ons moet ons broer “sewentig maal sewe” keer vergewe nie (Mattheüs 18:22). Hy wil hê dat ons *die gewoonte* om ander mense te vergewe moet ontwikkel. Hy wil hê dat ons selfbeheersing-“spier” goed geoefen moet wees!

Skrywers Baumeister en Tierney beskryf 'n eksperiment wat ondersoek ingestel het na kollege studente se begeerte om in een van drie gebiede te verbeter: Fisiese fiksheid, studiegewoontes en finansiële bestuur. Heel voorspelbaar, hoe meer selfbeheersing studente beoefen het met betrekking tot hul doel, hoe beter het hulle

gevorder. Daar was egter ook nog 'n onverwagse bevinding. Diegene wat die “selfbeheersing-spier” die meeste geoefen het in hul fokus-gebied, het ook begin om in ander gebiede van hul lewens te verbeter! “Dit lyk of die uitoefening van selfbeheersing in een gebied, alle gebiede van die lewe verbeter. Hulle het minder sigarette gerook en minder alkohol gedrink. Hulle het hul huise skoner gehou. Hulle het die skottelgoed gewas in plaas daarvan om dit in die wasbak te pak en hulle het hul wasgoed meer dikwels gedoen. Hulle het minder uitgestel. Hulle het hul werk en take gedoen in plaas daarvan om eers televisie te kyk of te kuier saam met vriende. Hulle het minder gemorskos geëet, en hulle slegte eetgewoontes met gesonder kos vervang ... Sommiges het selfs gerapporteer dat hulle hul humeure beter kon beheer” (*Willpower*, bl. 136).

Ja, u kan verbeter net soos hierdie studente dit gedoen het! Verbind uself om een area in u lewe te beheer, en die voordele sal deurvloei na die res van u lewe! Paulus skryf dat geestelik volwasse mense “geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei” (Hebreërs 5:14). Stel dus 'n paar doelwitte, maak nie saak hoe eenvoudig nie. Miskien wil u vroeër gaan slaap, of meer hoflik wees teenoor ander motorbestuurders, of om regop te sit om 'n beter liggaamshouding te handhaaf. Indien u daarop fokus

om vol te hou met selfs die eenvoudigste doelwitte, kan die gevolglike vordering in selfbeheersing begin om oor te vloei na die moeiliker strewes in u lewe.

Bly goed gevoed

Elke ouer weet dat as mens wil hê klein kindertjies moet hul beter gedra, dan moet mens seker maak dat hulle magies vol is. Dus, voed u liggaam om u wilskrag te voed. Gebalanseerde voedsame etes, matig geëet, help ons om goeie besluite te neem, goed te funksioneer en ons wilskrag effektief te beoefen. Indien wilskrag soos 'n spier is, het dit energie nodig. Ons brein, waardeur ons wilskrag omgesit word in fisiese aksie, het glukose nodig om te kan werk. Sonder behoorlike brandstof in voldoende hoeveelhede, sal ons brein nie funksioneer nie en ons wilskrag sal verswak.

Die skrywers van *Willpower* verduidelik: “Geen glukose, geen wilskrag. Die patroon is herhaaldelik waargeneem toe navorsers meer mense in meer situasies getoets het ... Glukose uitputting kan die mees sjarmante metgesel in 'n monster verander. Die ou advies oor die eet van 'n goeie ontbyt geld vir die hele dag, veral op dae wanneer u fisies of geestelik gespanne is. Indien 'n toets, 'n belangrike vergadering of 'n lewensbelangrike projek voorlê, moet u dit nie sonder glukose aanpak nie. Moet nie ernstige probleme met u eggenoot

uitpluis net voor ete nie” (bl. 49, 57).

Fisiese brandstof is egter net die begin. Dit is nodig, maar nie voldoende nie. Jesus Christus waarsku Sy volgelinge om nie te veel te fokus op die lewe se fisiese aspekte terwyl die geestelike verwaarloos word nie. Hy sê: “Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël” (Johannes 6:27). Wat is die geestelike voedsel wat vir ewig hou? “Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee ... En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie” (Johannes 6:33, 35).

Hoe voed ons van Christus? Deur ons wil aan Hom te onderwerp, en deur *Hom te vra* om Sy lewe in ons te leef (Galasiërs 2:20). Ons ontwikkel fisies wilskrag deur brandstof aan die brein te voorsien. Ons ontwikkel geestelik wilskrag deur die “brandstof” in te neem van gebed, Bybelstudie, meditasie asook om per geleentheid te vas. Christus sê Self: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheüs 4:4). Ons wilskrag word versterk deur *gereelde kontak met God*, en deur Sy wil te doen in ons lewens. Jesus sê: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te

volbring” (Johannes 4:34). Gebed, Bybelstudie, meditasie en vas is die geestelike “voedsel” wat ons nodig het om nader aan ons Verlosser te beweeg.

Kry voldoende rus

'n Ge oefende spier het tyd vir rus en herstel nodig. Hierdie beginsel van fisiese aktiwiteit geld ook vir 'n geestelike aktiwiteit, en die uitoefening van ons wilskrag. Ons kan nie verwag om voortdurend teen die hoogste versnelling te werk sonder om gereeld ons “batterye te herlaai” nie. Baumeister en Tierney herinner ons: “Dit behoort nie nodig te wees dat ons iets so voor die hand liggends vertel moet word nie, maar knieserige kleuters is nie die enigstes wat hul teen broodnodige rustydjies verset nie. Volwassenes ontnem hulself gereeld van broodnodige slaap, en die resultaat is minder selfbeheersing. Deur te rus verminder ons die liggaam se glukose vereistes, en ons verbeter ook die liggaam se algehele vermoë om glukose in die bloedstroom beter te benut. Dit is gevind dat gebrek aan slaap die verwerking van glukose, wat dadelik 'n uitwerking het op selfbeheersing belemmer. ... Onvoldoende slaap het 'n verskeidenheid slegte uitwerkings op gees en liggaam. Versteek tussen al bogenoemde is verswakkende selfbeheersing en verwante prosesse soos besluitneming. Om die meeste nut uit u wilskrag

te verkry, maak voorsiening vir genoeg tyd om te slaap. U sal uself die volgende dag beter gedra – asook die volgende nag makliker aan die slaap raak” (*Willpower*, bl. 59-60).

In ons moderne Westerse kultuur word ons van slaap ontnem. Dit is geen wonder dat ons minder selfbeheersing het as ooit tevore nie! Wanneer ons geestelik uitgeput raak, sal die krag van ons wilskrag afneem. Ons behoort tyd in te ruim om te herlaai en te herstel.

Soms beteken dit net die versorging van ons fisiese gesondheid, kry genoeg rus en vaste slaap. Fisiese rus kan egter net soveel doen om ons uitgeputte gees op te kikker. Hy belowe: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en My las is lig” (Mattheüs 11:28-30).

Is die spanning van die lewe vir u te veel? Is u uitgebrand deur al die probleme en besluite en versoekings wat u elke dag die hoof moet bied? Jesus Christus sê aan ons, *u hoef nie “die pad alleen te loop nie”*. Wat ons waarlik sal vernuwe is ons onderwerping aan Sy wil, bemagtig deur Sy Gees, om die vrug van gehoorsaamheid aan Sy wette in ons lewens te ervaar.

Beslissende wilskrag

Vreemd genoeg, ons ondervind die meeste wilskrag wanneer ons onder die krag van

God kom. Om te leef onder en deur Sy krag is bevrydend, kalmerend en berustend namate ons die krag van Sy Gees in ons lewens ervaar. In die laaste instansie beteken *die ontwikkeling van wilskrag om heeltemal en sonder voorbehoud op God en Sy krag te vertrou om ons te lei*.

Het u werklik die leisels van u lewe aan God oorhandig? Het u tot op die punt in u lewe gekom waar u gewillig is om u totaal aan Hom te onderwerp in gehoorsaamheid? Vertrou u Hom regtig om u lewe te lei, in die wete dat Hy weet wat die beste is vir u?

Wanneer u voor versoeking te staan kom, oorweeg dan wat antieke Koning Dawid geskryf het: “Vertrou op die HERE, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid, en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer; en Hy sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag. Swyg voor die HERE en verwag Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie” (Psalm 37:3-7).

Ons leef in tye van stres, nie van “rus” nie. Ons sien voortdurend woelinge rondom ons – geweld en oorlog in elke uithoek van die wêreld en 'n groeiende vrees van globale ekonomiese ineenstorting. Ons kom te staan voor voortdurende versoekings om ons Christelike waardes te kompromitteer. Wat

Vervolg op bladsy 27

Yster en klei

Deur Dexter B. Wakefield

Die droom van 'n antieke Babiloniese koning werp lig op eindtydse profesieë van die Bybel wat nou in Europa en die Midde-Ooste gestalte aanneem!

In die antieke koninkryk van Babel was die geleerdes en besweerders diep in die moeilikheid. Koning Nebukadnésar het 'n skrikwekkende droom gehad en wou die betekenis daarvan weet. In sy vrees, frustrasie en woede, het hy beveel dat al sy towenaars en sieners onthoof moes word indien hulle hom nie beide die drome en die betekenis kon vertel nie. Hy het gesê: “Die saak staan by my vas: as julle die droom en sy uitlegging nie aan my bekend maak nie, sal julle in stukke gekap en van julle huise mishope gemaak word” (Daniël 2:5). Nebukadnésar het geweet hoe om mense te motiveer!

Onbekwaam om aan die koning se opdrag te voldoen, het die sieners geantwoord: “Daar is geen mens op die aardbodem wat die koning se saak sou kan te kenne gee nie; daarom het dan ook geen koning, groot of magtig, ooit so iets van enige geleerde of besweerder of Chaldeër verlang nie. Ja, die saak wat die koning verlang, is swaar, en daar is niemand anders wat dit voor die koning sou kan te kenne gee nie, behalwe die gode wie se woning nie by die vlees is nie” (verse 10-11). Nebukadnésar het gereageer deur te begin met die slagting.

Daniël maak sy verskyning

Daar was 'n jong Jood in

gevangenskap vir wie God geseën het met die vermoë om drome uit te lê en profetiese visioene te ontvang. God het die droom en sy betekenis aan hierdie jong profeet, Daniël, bekendgemaak.

Daniël is as jong man gevange geneem nadat die Babiloniërs die koninkryk van Juda verslaan het, om en by rondom die jaar 604 v.C. God het veroorsaak dat Daniël een van die mees gerespekteerde amptenare onder beide Babiloniese en Medo-Persiese heerskappy in Babel geword het as gevolg van sy uitlegging van Nebukadnésar se droom en ander aangeleenthede wat gevolg het. Daniël se historiese tydgenoot, Esegïël, verwys drie keer na hom as 'n man wat bekend was vir sy wysheid en geregtigheid (Esegïël 14:14, 20; 28:3). Jesus Christus het ook na hom verwys as “die profeet Daniël” (Mattheüs 24:15).

Daniël het die koning meegedeel dat hy gedroom het van 'n groot standbeeld, wat die Babiloniese regeringstelsel uitbeeld soos dit sou ontwikkel deur opeenvolgende ryke in die toekomstige geskiedenis (Daniël 2).

Daniël het 'n reeks ryke voorspel, nog voordat hulle bestaan het! Daniël het Nebukadnésar se koninkryk spesifiek geïdentifiseer as die

standbeeld se kop van goud. Daarna het hy die standbeeld se bors en arms van silwer beskryf as 'n latere koninkryk wat ons ken as die Medo-Persiese Ryk. Hy beskryf vervolgens 'n maag en bobene van brons – die Griekse Ryk. Dan beskryf hy bene en voete van yster, die oostelike en westelike “bene” van die Romeinse Ryk (waarvan die hoofstede Konstantinopel en Rome was).

Daniel het ook een treffende detail in die koning se droom uitgewys. Die voete en tone van die standbeeld – wat die ryk uitbeeld net voor die Messias se wederkoms, wat bestaan uit tien tone verteenwoordigend van tien konings – sal gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei wees.

Daniël verduidelik: “En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was – dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het. En dat die **tone van die voete** deels van yster en deels van klei is – 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees. Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het – hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar

vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie. Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (Daniël 2:41-44).

Baie van Daniël se profesie is waar bewys deur gebeure wat lank gelede plaasgevind het. Die Babiloniërs is tot 'n val gebring deur die Medo-Persiese Ryk. Dan, onder Alexander die Grote, verslaan die Griekse Ryk die Medo-Perse. Later het die “Yster Ryk” van Rome die Grieke oorweldig, asook alle ander volke, insluitend Makkabese Juda, net soos Daniël voorspel het. Die “bene” is vervul in 395 n.C. toe die Oos-Romeinse Ryk, algemeen bekend as Byzantium, weggebreek het van Rome en sy hoofstad in Konstantinopel (vandag bekend as Istanbul) gevestig het.

Die verhaal van die tone

Wie is dan “die tone van die voete ... deels van yster en deels van klei”? Geskiedenis het nog nie die vervulling van hierdie profesie aanskou nie. Die Bybel onthul dat hulle konings of regerings aan die einde van hierdie tydperk sal wees, wat deel sal wees van 'n groot en finale herlewing van die Romeinse Ryk. *Twee besondere eien-skappe* sal hulle identifiseer: *Daar sal tien van hulle wees, en*

net soos yster sterk en klei bros is, sal “*n gedeelte van die koninkryk ... hard en 'n gedeelte ... bros wees.*”

Die apostel Johannes het in 'n visioen ander duidelike besonderhede gesien aangaande eindtydse sleutelgebeure. “... en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en *tien horings*. En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgeneid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde. En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien” (Openbaring 17:3-6).

Net soos die nasie van Israel in die Bybel uitgebeeld word as 'n vrou, en die Kerk – geestelike Israel – uitgebeeld word as die kuis bruid van Christus, beeld die hoer van Openbaring 17, 'n groot vals kerk uit wat aktief sal wees in die laaste dae van hierdie tydperk. Sy sal 'n lewensbelangrike rol speel in die finale herlewing van die groot Babiloniese stelsel wat Nebukadnésar as 'n standbeeld gesien het.

Johannes is ook meegedeel: “En die tien horings wat jy gesien het, is *tien konings* wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag

soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal *hulle krag en mag oorgee aan die dier*. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (verse 12-14).

Die “vrou” ry op 'n groot politieke moondheid wat “tien horings” het – tien ondergeskikte regerings. Die tien tone van Daniël 2 en die tien horings van Openbaring 17 verteenwoordig dieselfde tien regerings wat aktief sal wees in dieselfde tydperk.

Sekere onlangse geskiedenis

Rome was die laaste setel van hierdie antieke ryk, wat verskeie kere herleef het. Vandag is Rome deel van 'n Europese Unie wat groot woelinge ondergaan wat sy bestaan in sy huidige vorm in gevaar mag stel. Sedert die Europese Unie gestig is, het 17 nasies 'n gemeenskaplike geldeenheid aanvaar, maar nie 'n verenigde fiskale beleid nie. Tot 'n groot mate kan elke nasie spandeer, belasting hef en geld leen net soos dit hul pas. Dit was egter onvermydelik dat in so 'n unie, die sterker industriële ekonomieë soos Duitsland en Frankryk, die swakker ekonomieë soos Spanje, Portugal en Griekeland sou oorheers. Industriële Duitsland het 'n toegevoegde waarde, uitvoer-georiënteerde ekonomie, terwyl

die nasies in die suide van Europa meer geneig is tot landbou en derhalwe baie minder waarde per man-uur gewerk, toevoeg.

Om sake te vererger, is die regerings van Portugal, Ierland, Italië, Griekeland en Spanje (waarna gesamentlik verwys word as die PIIGS nasies), betrokke by roekelose maatskaplike spandering, wat gelei het tot onvolhoubare tekorte. Vir 'n tyd lank was hulle in staat om die obligasie-markte te gebruik om hul tekorte te dek teen kunsmatige lae rentekoerse, en het so die waarneembare krag van die EU en die euro uitgebuit. Eintlik het die ekonomies-brose Griekeland op Duitsland se kragtige baadjepantegery in die obligasie-markte. Die EU-lande het egter nooit mekaar se effekte gewaarborg nie, en namate die totale skuldvas van die PIIGS nasies gestyg het tot onvolhoubare vlakke, het kopers van effekte meer huiwerig geword om aan hulle te leen, en rentekoerse verhoog wanneer hulle wel geleen het.

Die Europese banke het baie van hierdie riskante soewereine skuld gehou, en die vooruitsig van 'n massiewe wanbetaling deur Griekeland of ander EU-lande stuur skokgolwe deur die Europese bankwese. Indien Griekeland se effekte in waarde daal – of in geheel afgeskryf moet word – sal die verlies gedek moet word deur die banke se kapitaalbasis, wat hulle toekomstige vermoë om geld uit te leen kortwiek. 'n Hele aantal groot Europese

banke, insluitend *Societe Generale* en *Credit Agricole* van Frankryk, se kredietgraderings is afgegradeer en het tans 'n “negatiewe vooruitsig”.

Sommige mense in Europa het gepraat van 'n finansiële “hulppakket” vir Griekeland, maar enige sodanige vrygewigheid sou hoofsaaklik 'n hulppakket aan die banke wees. Die EU se Sentrale Bank het begin om die wankelrige situasie te ondersteun, maar ernstige kommer oor 'n groot bankkrisis bly steeds bestaan. So 'n krisis kan die EU in 'n resessie dompel en selfs die wesentlike bestaan van die Europese Unie in die gevaar stel. Die EU is afhanklik van monetêre eenheid, en indien die euro in duie stort, sal die EU – ten minste in sy huidige vorm – waarskynlik tot 'n einde kom.

Die stres toets

Baie van die EU se leiers is van mening dat die beste manier om hul huidige probleem op te los, is om lede se begrotings en fiskale beleid saam te snoer onder die beheer van 'n federale liggaam. “Tensy die Europeërs instem 'tot 'n algehele ekonomiese en monetêre unie ... met 'n fiskale unie, **met 'n sterk staatsbestuur**, met 'n besef dat sommige politieke besluite algemeen aanvaar moet word deur diegene wat die gemeenskaplike geldeenheid deel, sal ons nie slaag nie”, aldus Joaquin Almunia, 'n vise-president van die EU-kommissie, die naaste ding aan

'n sentrale regering in die Unie” (*Experts: Europe needs more perfect Union*, *Associated Press*, 3 September 2011).

Ander voorstelle behels die herfinansiering van die probleem-skuld met effekte wat in een of ander vorm deur die EU-state gewaarborg word. Duitsland was nie entoesiasies oor sodanige voorstelle nie, aangesien Duitsland op die ou end vir die gelag sal moet betaal, sonder dat die onderliggende probleem van die PIIGS nasies se gebrek aan fiskale self-beheersing aangespreek word. Dit is duidelik dat, ten einde die finansiële hulp wat hulle nodig het, te ontvang, Europa se ekonomieë wat in die moeilikheid is, noodwendig 'n groot deel van hul soewereiniteit oor hul begrotings sal moet prysgee – en dit is Duitsland wat in die “bestuurder se sitplek” sal wees, as voorwaarde vir die krediet.

“Valerie Pécresse, woordvoerder vir die Franse regering, het gesê ... 'Euro-effekte is vir ons *die einde van 'n proses van konsolidasie* in die eurosone, omrede deling in die skuld ook die samevoeging van ons begrotingsbeleide vereis” (*ibid.*). Die term “samevoeging van begrotingsbeleide”, is 'n diplomatieuse manier om te sê: “Sentrale beheer oor die EU-lande se uitgawes”. Sommige mense, soos die voormalige Duitse Premier Gerhard Schröder en voormalige Belgiese Premier Guy Verhofstadt, het uitdruklik aangedring op 'n werklike

Vervolg op bladsy 12

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Die Skrif beskryf dat Jesus Christus deur Pontius Pilatus gegeel was voor Sy kruisiging (Mattheüs 27:26; Markus 15:15; Johannes 19:1). Was daar enige spesiale betekenis verbonde aan hierdie geseling?

ANTWOORD: Die apostel Petrus beskryf Christus se kruisiging en verduidelik dat die Verlosser “self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is” (1 Petrus 2:24). Petrus se woorde het dié van die profeet Jesaja nageboots, toe hy die komende Messias beskryf het: “Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom” (Jesaja 53:5).

Wat Christus moes verduur, was nie 'n soort rituele geseling nie. Hoewel geen bene gebreek was nie (Psalm 34:21; Johannes 19:36), het die Skrif voorspel dat, as gevolg van die geweldige geseling, Sy voorkoms misvormd sou wees. Hy was “geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van 'n mensekind nie” (Jesaja 52:14).

Vir watter doel het Jesus Christus hierdie verskriklike geseling verduur? Let op Sy woorde: “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Johannes 10:10). Ewige lewe is die geskenk wat God met die opstanding sal gee, maar met hierdie woorde het Christus 'n oorvloed beskryf wat Sy volgelinge in hulle fisiese lewens sou hê.

Natuurlik is daar niks belangriker as die geestelike genesing wat plaasvind wanneer Christene die Heilige Gees ontvang en hul menslike natuur vervang met die geestelike geaardheid van Christus nie. Is dit egter al wat daar aan Christus se opoffering is? Nee! Christus se gestorte bloed betaal die straf vir ons sonde en maak dit moontlik om die geskenk van die ewige lewe te ontvang (Romeine 6:23). Sy gebroke liggaam – “Sy wonde”, soos dit gesimboliseer word deur die brood waaraan Christene deel het tydens die Pasgadiens (1 Korinthiërs 11:23-24) – maak spesifiek ons fisiese genesing moontlik.

Ewige geestelike lewe is 'n gawe wat nie verdien kan word nie, maar diegene wat opsetlik aan God ongehoorsaam is en teen Sy wet in opstand kom, kan daardie gawe verwerp (Hebreërs 6:4-6). Eweneens, indien ons gehoorsaam is aan die fisiese wette wat menslike lewe beheer, kan ons verwag om gesond te wees. Indien ons egter teenstrydig met daardie wette handel, kan ons ongesteldheid verwag. Jesus Christus – die God van die Ou Testament (1 Korinthiërs 10:4) – het aan antieke Israeliete gesê:

“As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooe en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak” (Exodus 15:26).

Die Skrif bevestig “almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” (Romeine 3:23). Ons het almal genesing nodig. Wanneer ons sondig, vra ons God om vergifnis, indien ons werklik opreg is, bekeer ons onself – dan verander ons ons gedrag. Hierdie beginsel geld ook vir ons fisiese genesing. God kan, byvoorbeeld, die emfiseem van 'n langtermyn tabakroker genees. Indien die een wat genees is nogtans nie ophou rook nie, moet hy nie verwag dat God hom sal seën met verdere genesing nie. Wanneer ons vra vir genesing moet ons ywerige selfondersoek doen om te bepaal of ons nie dalk iets gedoen het wat 'n skending is van die basiese gesondheidswette wat ons dan vatbaar kan maak vir die ongesteldheid waarvoor ons genesing soek nie. Ons behoort bereid te wees om daardie gedrag te verander wat ons gesondheid benadeel, ons behoort 'n poging aan te wend om dit te doen (1 Korinthiërs 11:31-32).

Wat anders behoort ons te doen indien ons Goddelike genesing verlang? Die apostel Jakobus gee eenvoudige opdragte: “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag” (Jakobus 5:14-16). Jakobus se bemoedigende opdrag herinner ons daaraan dat om met olie gesalf te word deur 'n ware dienaar van God, 'n kragtige werktuig vir ons genesing is. Verder, net soos ons vir ander behoort te bid, moet ons nie nalaat om te vra vir die gebede van ander getroue Christene nie.

Om meer te leer aangaande goddelike genesing en hoe u dit kan bekom, lees ons boekie, *Genees God VANDAG?* U kan dit op die Internet lees of u gratis eksemplaar bestel op ons webwerf, www.wvm.co.za. Andersins kan u dit skriftelik aanvra van ons Streekskantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif). **WVM**

Profesie neem

Godeskemering

Die godeskemering – aangekondig as *Götterdämmerung* in die opera deur die komponis Richard Wagner – is 'n middeleeuse verhaal van heidense Noorse mitologie. Dit beskryf 'n reeks natuurrampe en 'n groot geveg wat uitloop op die dood van verskeie gode en die einde van die wêreld meebring – waar-na die aarde weer nuut gebore word.

Uit 'n heel ander perspektief: Bybelprofesieë het lank reeds iets soortgelyks voorspel. Die 20ste eeu het die opkoms van talle maatskaplike teorieë gesien wat as die “redders” van nasies en die wêreld beskou was. Nogtans het die *dramatiese mislukking* van hierdie moderne “gode” onmiddellik 'n spoor van trane, lyding en verwoesting agtergelaat. Die geskiedenis van die laaste eeu bewys duidelik die standhoudendheid van God se waarheid, en die verbasende akkuraatheid van profesieë wat deur die *ware God* van die Bybel geïnspireer is, wat *steeds vandag gestalte aanneem!*

Die ware God

Terwyl Egipte die mees magtigste nasie op die aarde was, het God begin om 'n reeks groot wonderwerke deur Moses te verrig. Egiptiese towenaars, *gefrustreerd* omdat hulle nie God se wonderwerke kon namaak nie, het *besef* dat hulle met 'n krag te doen het wat groter is as wat hulle nog ooit teëgekome het. Hul het tot die gevolgtrekking gekom: “Dit is die vinger van God!” (Eksodus 8:19). God het toe die land

Gosen – waar die Israeliete gewoon het – *openlik gespaar* van die plaë wat Hy oor die res van Egipte gebring het (Eksodus 8:22; 9:4, 26; 10:23). Die Israeliete en die Egiptenare was getuie van God se krag toe Hy die waters van die Skelfsee geskei het om die Israeliete te help ontsnap van hul Egiptiese heersers (Eksodus 14-15). Die Israeliete het ook *gesien* hoe God die waters van die Jordaanrivier laat stilstaan terwyl hulle deurgetrek het na die Beloofde Land (Josua 3:14-17), en hulle het *waargeneem* hoe God bonatuurlik ingegryp het in die stryd tydens die verowering van hul nuwe tuisland (Josua 6:5; 10:11). Dit is in die Bybel opgeteken dat selfs *heidense konings* – Nebukadnésar en Dariús – tot die besef gekom het aangaande die God van Daniël: “... Hy is die *lewende God* ... Hy verlos en red en doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde ... *daar [is] geen ander god* ... wat so kan verlos nie” (Daniël 6:25-28; 3:29). Die God van die Bybel herinner skeptici herhaaldelik en openlik daaraan dat *Hy alleen* in staat is om die toekoms te voorspel en om dit dan tot stand te bring (Jesaja 41:21-24; 45:21; 46:8-10). Die Bybel teken hierdie merkwaardige gebeure aan as bewysbare geskiedenis. Lees asseblief ons boekie *Die Bybel: Feit of fiksie?*, vir meer inligting oor hierdie lewensbelangrike onderwerp.

Antieke Waarskuings

Moses het egter ook die antieke Israeliete gewaarsku om nie weg te dryf van die lewende

God af en valse gode te volg nie: “Neem jou net in ag ... dat jy die dinge nie *vergeet* wat jou oë gesien het nie ... Neem julle dan terdeë in ag ... sodat julle nie *verderflik handel* deurdat julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie ... 'n gelykenis van enigiets wat die *HERE* jou God jou verbied het” nie (Deuteronomium 4:9, 15-19, 23). Die *lewende God* van die Bybel het uitdruklik Sy uitverkore volk opdrag gegee: “Ek is die *HERE* jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie” (Eksodus 20:2-3).

Nogtans, ten spyte daarvan dat hulle dikwels getuie was van die wonderbaarlike mag van die *ware God*, het die Israeliete afgedwaal en begin om 'n afgod te aanbid gedurende die 40 dae wat Moses op Sinai was om die wette van God te ontvang (Exodus 24:18; 32:1-9). Moses het die Israeliete se neiging om die lewende God te vergeet en na valse gode op te sien besef. Hy waarsku: “Want ek weet dat julle ná my dood gewis *verderflik sal handel* en *sal afwyk* van die weg wat ek julle beveel het, sodat die *onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom*, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die *HERE*” (Deuteronomium 31:29). Die Ou Testament dokumenteer die hartseer storie van hoe die nasies van Israel en Juda *herhaaldelik weggedraai het van die ware God* om die *valse gode* van naburige nasies te aanbid (2 Konings 17:7-8, 18-20).

God se profete het egter ook

gestalte aan

voort gesien wat met die afstammeling van die Israelitiese nasies sou gebeur *in die laaste dae*. Jeremia profeteer van 'n “tyd van benoudheid vir Jakob ... *aan die einde van die dae*” wanneer valse leraars – insluitende misleide godsdiensteilers – “*my volk verlei* met hulle leuens en hulle grootpraterij” (Jeremia 30:3-7, 12-15, 24; 23:13-16, 32). Jeremia verklaar ook dat die Israelitiese nasies 'n ander god wou aanbid: “... die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie” (Jeremia 2:4-13). Die profeet betreur die feit dat die Israelitiese nasies *hulle eie gode geskep het – gode wat nie werklike gode is nie!* Jeremia waarsku dat daar ernstige gevolge sal wees omdat die lewende God verwerp is: “... weet dan en sien dat dit verkeerd en bitter is dat jy die HERE jou God verlaat het” (Jeremia 2:19).

Valse god van moderniteit

Die valse gode met die grootste invloed op ons moderne wêreld is **nie** die skandelige afgode van hout en klip wat deur die antieke mense gemaak is nie. Vandag se mees gevaarlikste valse gode is die *intellektuele maakselfs* van die misleide menslike verstande, grootliks die gevolg van Renaissance filosofie wat probeer het om die ware God (en Sy geïnspireerde Woord, die Bybel) te onttroon en Hom te vervang met 'n wêreldlike humanisme, gebaseer op menslike rede. Hierdie

fundamentele intellektuele verskuiwing het die grondslag gelê vir vrugbare menslike verstande om Marxisme (die sosialistiese visie van 'n “nuwe mens” sonder God), Nasionale Sosialisme (wat 'n “god” gemaak het van nasionalisme en rassisme) en ons boesemvriend, kapitalisme (die gebruik van “vrye” markte om rykdom op te hoop en mag oor ander mense te verkry) voort te bring.

Ander nuwe “gode” wat ons omring, sluit in verbruikerswese (die aanbidding van die uitset van die mens se hande), omgewingsake (die verheffing van “Moeder Aarde” bo die Skepper), hedonisme en seksuele bevrediging (die soeke na plesier sonder inagneming van maatskaplike norme wat al lank bestaan en die beswil van ander). Dit behoort nie verbasend te wees dat *al* hierdie valse gode bewys is – en nog steeds bewys word – om volslae mislukking te wees nie! Marxisme het uitgeloop op 'n kolossale fout. Nasionale Sosialisme het vergaan in vlamme wat 'n kontinent verwoes het. Sosialisme en kapitalisme sukkel albei tans voort. Omgewingsbewustes is nie besig om die planeet te red nie, en die hedonistiese najaag van seksuele bevrediging het 'n plaag van seksueel-oordraagbare siektes en lyding op die wêreld losgelaat. Studies het getoon dat wanneer gemeenskappe gedwing word om onbybelse waardes van “*alles is toelaatbaar*” te aanvaar onder die dekmantel van “verdraagsaamheid” en “diversiteit”,

sonder inagneming van Bybelse standarde van liefde teenoor naaste en gehoorsaamheid aan God, dit lei tot aftakeling van vertroue, mense wat in hulself terugtrek, maatskaplike en politieke skeiding wat vererger en maatskaplike spanning wat verhoog word (*Suicide of a Superpower*, bl. 262-272).

Lank gelede het die profete van die ware God Sy uitverkore volk gewaarsku dat, sou hulle Hom verwerp, “Jou eie boosheid jou [sal] tugtig, en jou afkerighede sal jou straf” (Jeremia 2:19) – met ander woorde, hulle sal maai wat hulle gesaai het! Die bloeddeurweekte geskiedenis van die 20ste eeu illustreer duidelik die tragiese resultate wat plaasvind wanneer mense valse gode maak van mensgemaakte filosofieë wat veronderstel is om verlossing vir die mensdom te bring. Vir diegene wat oë het om te sien, was die vorige eeu getuie van die *dood van baie valse gode* – hierdie gebrekkige idees wat voortgebring is in die denke van misleide individue wat die ware God van die Bybel verwerp het. Genadiglik sal die ware God binnekort ingryp in die sake van die mens deur Sy Seun, Jesus Christus, te stuur om die Koninkryk van God op hierdie aarde te vestig en om vrede, geregtigheid en die kennis van die ware God aan die mense van die wêreld te bring. Daardie groot gebeurtenis gaan binnekort plaasvind (Jesaja 9:6-7; 11:1-9)!

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 7 – Die gevaar van valse bekering

in die lig van God se geboorte, by die punt gekom om homself te sien soos hy werklik was en om homself te *verafsku*. Nie een van ons is enigins beter as Dawid nie!

Wanneer u uiteindelik gereed is om berou te hê omrede u God se wette gebreek het deur menslike tradisies na te volg, of om in te stem met hierdie samelewing en sy weë, weet dan *dit* is wat God van u vereis: “Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!”

(Psalm 51:19).

Was u voorheen 'n “godsdiensstige tydverdwyer” wat daarvan gehou het om met God se leraars te argumenteer oor “hoe ek dit sien”? Was u “gevoelens seergemaak” as hulle u, uit die Bybel, gewys het dat u verkeerd was? Wanneer die tyd aanbreek dat u u waarlik bekeer, sal u nie teësinnig 'n ou valse bekering aanhang nie. In stede daarvan, sal u dankbaar wees teenoor u leermeesters. U sal nederig en leerbaar wees soos 'n klein kindjie. U sal nie

dink aan uself as 'n “geestelike reus” wanneer u begin om die pad van werklike bekering te bewandel nie. U sal ook die groot gevaar besef indien u u ou geestelike trots en ydelheid toelaat om u te oortuig dat u vorige *valse bekering* “die ware Jakob” was. Inteendeel, u sal dankbaar wees teenoor God vir Sy kerk, vir Sy leraars wat Sy Waarheid aan u leer (Romeine 10:15). U sal groot vrede hê in die wete dat u, soos nog nooit tevore nie, werklik deur God gelei word. **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 15 – Yster en klei

is deur die profeet Daniël, sien ...” (Markus 13:14) Christus herinner ons daaraan dat, in die eindtyd, Christene in staat sal wees om gebeure in die wêreld en hul betekenis, in die konteks van *Bybelprofesie*, te identifiseer. “En leer van die vye boom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. Soweet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur” (verse 28-29).

Hy sê verder: “Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader. Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie. Dit is soos 'n man wat op reis is, wat sy

huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak. Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!” (verse 32-37).

Die boek Daniël onthul Nebukadnésar se droom, wat aan ons duisende jare van vervulde profesie toon en die verhoog voorberei vir wat gaan kom in die jare wat binnekort voorlê. Nie lank van nou af nie, sal ons die geprofeteerde tien tone “*wat deels sterk en deels bros*” is, sien. Dit is egter nie die

einde van die storie nie. Ons lees: “Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (Daniël 2:44).

Die tone van yster en klei sal plek maak vir die geprofeteerde Koninkryk van God. Die mensdom se patroon van Babiloniese heerskappy sal vir ewig vervang word deur die volmaakte regering van Jesus Christus. Mag God daardie dag bespoedig! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 19 – Wilskrag

kan ons dus doen? Ons kan nie uitsluitlik op ons eie krag versoekeings weerstaan en beproewings verduur nie. Ons het die stamina, krag en wilskrag nodig wat slegs van God af kan kom.

Dink aan die voorbeeld van Christus. Die nag voordat Hy Sy lewe afgelê het vir die hele mensdom, het Hy te staan gekom voor die moeilikste keuse in Sy lewe. Om ons Verlosser te kon word, moes Hy 'n onuithoubare pynlike dood verduur. Die versoeking om terug te draai en weg te loop, moes geweldig gewees het. Hy het saam met Sy dissipels na die Olyfberg gegaan en aan hulle gesê: "Bid dat julle nie in versoeking kom nie." Hy het 'n entjie verder geloop en toe

uitgeroep: "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied! En 'n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val" (Lukas 22:40, 42-44).

Het Christus net "op Sy tande gekners" en Sy wil "geforseer" om die regte ding te doen? Nee! Wat Hom in staat gestel het om hierdie folterende toets te slaag, was Sy bereidwilligheid om Hom te onderwerp aan die wil en die krag van die Vader.

Dit is hoe ons ook die wilskrag kan bekom om 'n versoeking te weerstaan en te

oorwin. Namate ons ons lewens oorgee aan ware gehoorsaamheid aan die Een wat ons gemaak het, kan ons vervul word met Sy geestelike krag. Paulus skryf aan die broeders in Filippi: "Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Filippense 2:12-13).

As ons Hom soek en aan Hom gehoorsaam is, sal God in ons werk om Sy wil in ons lewe "te wil en te werk". Ons kan oorwin, ons kan ons gees en ons lewe bestuur. Deur God se krag, kan ons wilskrag hê! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

van hulle toekomstige beloning en van Jesus Christus: "Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:9-10).

Ja! Ware heiliges sal Jesus Christus bystaan om op die aarde te "heers" – of te regeer!

In 1 Korinthiërs 6:1-5 is die apostel Paulus geïnspireer om ons in te lig oor die toekoms van die ware heiliges van God. Hy beskryf hoe ons – in persoonlike geskille – nie moet toelaat dat ons deur die buitewêreld "geoordeel" word nie, maar eerder deur ware leiers in God se Kerk. Hy sê: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?" (verse 2-3). Die ware heiliges is dus nou

"in opleiding" om "die wêreld te oordeel". In die toekoms, sal ons werklik ook vir God bystaan, indien ons "engele [sal] oordeel".

Werklik, die wonderlike toekoms wat vir alle mense wag in die ware Koninkryk of Huisgesin van God, is byna bo die mens se begrip. Ons is gemaak "na die beeld" van God in meer as een opsig. Hy werk met ons – **indien** ons bereid is om ons aan Hom te onderwerp. Hy fatsoeneer en vorm ons. Hy leer ons **lesse** vir alle ewigheid. Ons moet egter gewillig wees om ons *opreg te onderwerp* aan ons Skepper en om **Sy** doel en wil in ons lewens te soek. Baie min mense op aarde is gewillig om dit nou te doen, want God het, soos die Bybel duidelik aandui, werklik die meeste mense "verblind". Baie van u wat hier lees is waarskynlik "geroep" anders sou u nie die Waarheid van God op 'n gereelde basis lees nie!

Dus, wil u ware *insig* hê in die werklike **doel** vir u lewe? Is u gewillig om alles in die stryd te werp om te "soek" na daardie doel? Is u gewillig om *geloof* en **moed** te beoefen om die doel

waarvoor u gebore is, te bereik? Terwyl “groot menigtes” Christus gevolg het, het Hy besef dat die meeste van hulle nie **werklik** bereid was om “alles in die stryd te werp” om Sy dissipels te wees nie! Dus sê Hy vir hulle: “As iemand na My toe kom en hy haat [of het *minder lief*] nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie. En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie” (Lukas 14:26-27).

Elkeen van u wat intekenaars is, sal hierdie saak die een of ander tyd in u lewe in die gesig moet staar. Namate die profetiese gebeure, wat ons vir dekades al voorspel, tot hulle uiteinde kom, namate die menslike gemeenskappe rondom ons in duie stort en die “wêreld” soos ons dit geken het, op baie slegte maniere stadig begin verander, *wat gaan u doen?* Weereens, mag God u die *geloof en moed* gee om **eers** die Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek (Mattheüs 6:33). Mag Hy u die *geloof en moed* gee om Christus meer lief te hê as “vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook ... [u] eie lewe”.

Indien u opreg God se dienaar wil wees, om die *ewige lewe* in die *Wêreld van Môre* te hê en u *doel* vir die lewe te vervul, begin dan *asseblief nou om iets daaraan te doen*. Leer om werklik die artikels in hierdie tydskrif **te bestudeer** – *bewys* wat dit sê deur die Skrifte na te slaan in *u eie Bybel*. Probeer om gereeld na die beeldsendings van die *Tomorrow's World* te kyk en – weereens –

die Skrifverwysings na te slaan in u eie Bybel. Skryf vir en ontvang ons **gratis** boekies aangaande so baie lewensbelangrike onderwerpe en **bewys** wat dit sê *vanuit u eie Bybel*.

Ten slotte vertel ek u in alle opregtheid, dat een van die kragtigste hulpmiddels in die hele wêreld, wat vandag tot u beskikking is, die *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus* is. Hierdie kursus – net soos **al** ons ander leesstof – is *heeltemal gratis*, sonder enige verpligting. Ek moedig u aan – eintlik **versoek ek u dringend** in die Naam van Jesus Christus – om ons te nader en in te skryf vir u *gratis* intekening vir die *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus*. Hierdie kursus sal u stap vir stap deur die basiese waarhede van die hele Bybel neem *indien* u dit sal lees en **bestudeer saam met u eie Bybel** en hierdie waarhede aan uself **bewys**. Dit sal werklik u lewe verander! Al wat van u verwag word om te doen, is om die tyd op te offer en die moeite te doen om **werklik** hierdie kursus **te bestudeer** en om gewillig te wees om te verstaan en te leer *wat u Bybel in werklikheid sê*. Mag God u die insig, die geloof en die moed gee **om ooreenkomstig bogenoemde riglyne te handel**, sodat u *u deel* kan doen om voor te berei vir die **doel** waarvoor u geskape is!



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus